10 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 7:13-29 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Matteus 7:24-27; Heidelbergse Kategismus Sondag 32:86

## Gehoorsaamheid bied sekerheid

Die Here Jesus sluit die Bergpreek (Matt. 5 – 7) af met 'n oproep tot gehoorsaamheid. Hy gee voorbeelde van mense wat hoor, maar nie doen nie – of liewer, wat hoor, maar kies om hulle eie ding te doen. Dit is tog per definisie ongehoorsaamheid? Daar is diegene wat die breë weg kies, want dis die koers wat almal inslaan; diegene wat dink hulle saak met God is reg omdat hulle sogenaamde "geestelike dinge" gedoen het, maar self nooit verander het nie; en die onverstandige man wat dink sy huis gaan die storm weerstaan, al het hy nie 'n fondasie gelê nie.

Hierdie voorbeelde/gelykenisse handel oor die eindoordeel – daardie oomblik wanneer die Here weer kom en elkeen se bedoelings ontbloot en optrede beoordeel sal word (vs 22 – "daardie dag"). Daarom sê die Here Jesus dat elkeen wat na sy woorde luister EN DAARVOLGENS HANDEL, verstandig is. So 'n persoon het niks te vrees vir die oordeelsdag nie. Die verstandige man het die harde werk gedoen, hy het die fondament diep uitgegrawe, hy het die instruksies getrou gevolg. Daarom kan hy rustig wees dat sy huis die storm (oordeel) sal oorleef. Die onverstandige hoor ook, maar besluit self wat hy gaan doen. So 'n persoon se huis kan van buite goed lyk, dit kan selfs voorkom asof dit sekerheid kan bied, maar dit is vals sekerheid. Wanneer die storm (oordeel) kom, gaan daardie huis ineenstort – totaal onherstelbaar.

In die Heidelbergse Kategismus Sondag 32:86 bely ons dat een van die redes vir goeie werke (gehoorsaamheid) is "sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof, sekerheid kan kry". Ons is nie meer slawe van die sonde nie, maar behoort nou aan Christus. Daarom kan ons nou aan Hom gehoorsaam wees! Nie volmaakte gehoorsaamheid nie, want daaraan kan ons nie voldoen nie, maar die gewilligheid tot gehoorsaamheid. Ek wil graag gehoorsaam wees! So bied ons gewilligheid tot gehoorsaamheid vir ons sekerheid dat ons aan Christus behoort.

En dan is die groot genade dat Hy ook reeds vir ons gebrekkige gehoorsaamheid betaal het met sy volkome gehoorsaamheid. So word sy volkome gehoorsaamheid ons ware sekerheid.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1-3*

*Ds. BA (Banie) van der Walt (Paarl)*